JAN. 2002 Jg/Vol 10.1

HALF-BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

IYM 2002 is here!

The year 2002 offers South Africa a great opportunity to focus its peoples' attention on mountains, through the UN International Year of the Mountains (IYM2002). The **Mountain Club of South Africa** strongly supports the IYM2002 and would like to contribute to a successful IYM2002. This will mainly be done by strengthening existing relationships and forming new partnerships with government, mountain communities and other stakeholders to formulate action plans for 2002 and beyond.

The MCSA will be liaising closely with the National IYM 2002 Committee to promote a number of important national events that will take place during 2002 in collaboration with Government Departments and other organisations.

With great enthusiasm much planning has gone into making the IYM 2002 a productive, educational, but above all an enjoyable mountain year for the MCSA and its members. All Sections of the MCSA will participate in the IYM2002 and all members are urged to get involved and participate. The **Free State Section** has planned a number of activities around the IYM2002, as will be seen on the Program for the year. A special series of talks/lectures on interesting mountain-related topics will be presented throughout the year, while some of these topics will be taken further into practical study during hiking trips.

Some of the proposed activities countrywide are listed below, but for full details go to the official MCSA website at Http://www.mcsa.org.za/iym-events.html. Gauteng is starting off the year with the Johannesburg Section's presentation of the Imax film *Everest*, which will mark their official launch of IYM 2002 in that area.

The highlight of the year for MCSA members is a National Mountain Week running from 14 September through to 24 September 2002 which will include the declaration of UIAA Mountain Protection Days over the weekend of 14 and 15 September, when it is hoped that countrywide people will climb peaks and share them with others.

- Possible publication of the History of Mountaineering.
- Through the media raise mountain awareness on an ongoing, monthly basis by writing articles for various publications on a national basis. These will then also be placed on the website.
- Climb Table Mountain in old fashioned climbing gear.
- A national sport climbing competition for Cape Town and Johannesburg is planned
- T-shirts with MCSA logo/IYM 2002 banner/suitable sketch nationwide will be made available
- Commemorative engraved glasses are in production and can be purchased
- An MCSA / IYM 2002 MOUNTAIN video to highlight the joy mountains can offer, will be made and made available to TV broadcasters and schools.
- Environmental education events have been planned. These are designed to improve general mountain awareness, provide information on the importance of mountains,
- Through partnerships with organisations like Working for Water and Ukuvuka Firestop special IYM 2002 projects such as the high altitude clearing of alien vegetation will be undertaken.

- The Banff Film Festival to be screened as a national event in South Africa.
- A national photographic competition and exhibition will be held.
- A wrap-up event co-inciding with the MCSA Annual dinner will be hosted.

LESOTHO KRY SKI-PARADYS

Van ons ouer lede sal onthou dat ons afdeling in die sewentigs ’n paar keer in Lesotho gaan ski het. Die pad soontoe was net vir viertrekvoertuie. Daar was geen sneeumasjiene nie en sommige jare ’n totale afwesigheid van sneeu. Om alles te kroon is die enigste ski-instrukteur in suidelike Afrika, Martin Marsonner, destyds daar bo in ’n sneeustorm oorlede. Die berig wat onlangs in Rapport verskyn het, is dus goeie nuus vir ski-entoesiaste:

Indiensneming en toerisme in Lesotho behoort in Junie aanstaande jaar ‘n inspuiting te kry wanneer ’n luukse en moderne ski-oord in die land se hooglande open.

Met die tuimelende waarde van die rand teenoor die Amerikaanse dollar en die tekort aan skigeleenthede gedurende die noordelike halfrond se somer, verwag die oord ’n toestroming van internasionale skiërs.

“Toerisme sal ’n inspuiting kry vanweë die ski-seisoen van Junie tot September terwyl die Europese ski-seisoen van Desember tot Maart duur,” het die ontwikkelaars van die oord Vrydag gesê.

Die oord, ’n teerpadrit van 4½ uur van Johannesburg af, word deur die Lesotho-regering en Afri-Ski ontwikkel.

Daar sal twee ski-hysers en twee ski-hellings van 900 m en 1,5 km onderskeidelik wees. Met die hulp van sneeumasjiene behoort daar vir vier maande sneeu te wees.

’n Volledig toegeruste ski-opleidingsentrum en ski-toerusting sal ook beskikbaar wees. Restaurante, ’n drankwinkel, apteek en supermark word ook gebou.

In die somermaande sal aktiwiteite sentreer rondom 4X4 roetes, forelhengel, staproetes, perdry en natuur-uitstappies.

PAINTING FOR THE CENTURIES

The uKhahlamba-Drakensberg Park, recently declared KZN’s second World Heritage Site (St Laucia is the first site - Ed), is the home of some 35,000 painted San images.

The oldest dated painting is some 2,400 years old, although charcoal from the same level as a painting has been found to date back as far as 3,800 years.

The San, who led a hunter-gatherer existence in the region, lived in the uKhahlamba-Drakensberg Park region until the nineteenth century.

The paintings discovered also show that the San continued recording their lives in rock paintings until they left the region.

There are also some paintings attributed to Bantu-speaking farmers, and are presumed to have been painted in the nineteenth and twentieth centuries.

The park is recognized as the most densely painted area on the African subcontinent, with 600 painting sites already discovered. Most of the painted scenes depict hunting, dancing, fighting, ritual and trance scenes, food gathering, or rain making.

The San rock art is a must to see at least once in a lifetime. The KZN Wildlife can be contacted for more information on how to view the paintings, where to stay and the best routes to hike through the mountains to get there. Day trips can also be made to Giants Castle, near Newcastle, where a short two hour walk from the KZN Wildlife vase leads to a small gathering of San paintings. Again, KZN Wildlife can be contacted for more information. (www.kznwildlife.com - Ed.)

(Gateway, April 2001, p14)

People on Peaks

Hierdie is een van die Nasionale projekte van die BKSA as deel van die International Year of the Mountains (IYM2002).
Vanaf 14 tot 24 September 2002 word **Nasionale Bergweek** gevier. Dit sluit die naweek van 14 - 15 September in, asook die langnaweek van 21 - 24 September.
Daar sal projekte gereel word om massadeelname te verkry waar enige iets van koppies tot berge bestyg sal word. Verder word alle Bergklublede aangemoedig om pieke te bestyg gedurende hierdie tydperk. Hoofsaaklik klein, onafhanklike groepies sal "Peak Bagging" doen en enige iets besonders, anders, nuut, fanaties, ens. kan gedoen word - 'n piek per dag, meeste pieke, meeste hoogte gestyg, oornag op 'n piek, of wat ookal. Alle nuus hieroor sal op die BKSA se Webwerf geplaas word en in die media verskyn as dit besonders is. Lede word aangemoedig om eie inisiatief te neem en planne te maak vir hierdie week. Ons Afdeling se bestuur sal ook nog beplan en moontlik ook iets organiseer. Kom met voorstelle en idees.
Intussen kan jy jou eie piek "bespreek" vir hierdie Bergweek. Daar is 'n **"Book & Bag your Peak"** aksie, waar jy jou spesifieke piek wat jy wil gaan klim, kan registreer. Kontak Petro Grobler by 012 - 341 1804 of registreer dit by petrogrobler@icon.co.za of sluit aan by 'n groep wat reeds jou gunsteling piek bespreek het. 'n Lys van bespreekte pieke en voorstelle van berge is beskikbaar by <http://mcsa.org.za/iym-peaks.html>
Toe-nou! Maak die beste van IYM2002!

HIKING TRAIL ACCREDITATION

After many years of testing and adjustments, a workable sytem for the evaluation and accreditation of hiking trails has been developed by the University of Pretoria. It was evaluated and accepted by the SABS and is underwritten by the Hiking Trail Federation of South Africa. This system was launched in the middle of last year and quite a number of trails countrywide have been accredited so far.

Initial accreditation

This consists of a complete evaluation of a trail and all its facilities, resulting in a certification document in which it is stated that the trail owner is providing a safe and acceptable hiking product true to what is described in the trail brochure/map/information material. The description of the trail consists of **four basic elements:**

1. The type of environment through which the trail runs:
   Pristine, natural or rural.

2. The type of accommodation facilities on the trail:
   Luxury, standard or rustic.

3. The quality of the trail facilities: such as access roads, parking, maps and information, booking facilities, safety, etc.

4. The degree of difficulty: ranging from very easy to very difficult, which is

scientifically calculated on the basis of energy consumption.

Once the accreditation has been completed and a brochure with the relevant information published, a certificate is issued to the trail owners by SATOA (SA Trail Owners Association) and the University of Pretoria. The trail is then added to the list of accredited trails and the information is published and listed on the website www.trailinfo.co.za.

Auditing

As accreditation implies a commitment by the trail owner towards maintaining this trail and improving it where necessary, the trail should be inspected at least once every two years to ensure that hikers still get the product which the trail owner claims to offer. The following aspects will then be investigated:

1. Pre-hike services and facilities: e.g. effectiveness of bookings, up-to-date information, maps access roads.

2. Trail and path facilities: e.g. condition of trail markers, stiles, bridges, erosions, overgrowth.

3. Hut sites and accommodation facilities: e.g. condition of furniture, water supply, toilets and waste disposal.

LIED VAN DIE BERGE

Molly Smit

Ek het vanjaar in September vir 12 dae in die Oostenrykse Alpe gaan stap. Die plan was dat ek die volle tydperk in die hoë Alpe sou deurbring. Buitengewone en aanhoudende sneeu het egter toestande so gevaarlik gemaak dat ek en my Nederlandse vriende (Carla was in die vroeë sewentigs 'n lid van hierdie afdeling) na vier nagte afgestap het.

Ons het toe in weer wat deurentyd nooit verbeter het nie behalwe dat dit gereën in plaas van gesneeu het, in die lae Alpe van hut tot hut gestap. Sommige hutbewoners het hulle saans al te lekker vergryp aan die wyn wat vryelik by die kombuise te koop was.

Een aand sit ons vir ete aan in die Bregenze Hut. By 'n tafel in die ander hoek is 'n groep Oostenrykse mans en meisies wat taamlik luidrugtig diep in die bottels kyk. Meteens begin die besope groep al te mooi sing, so mooi en melodieus dat ek vergeet om te kou. My mond sou oopgehang het was dit nie so vol kos nie. Die klimaks was dramaties en treffend onder die omstandighede (dit het buite woes gesous).

Omdat die lied so toepaslik is op ons wedervarings in die berge, verskaf ek 'n vrye vertaling met aanwysings. Dit word gesing op die wysie van "Va, pensiero, sull' ali dorate!" uit Nabucco van Verdi. Dit is in Afrikaans bekend as "'n Gedagte op goue vleuels". Het die dronkies dit nie pragtig en gevoelvol gesing nie!

Hier volg dit, eers die aanwysing in skuinsskrif gevolg deur die woorde:

Sag en innig: Orals in die wêreld is sonneskyn
Skree hard en driftig: Net nie hier nie!

Soos Jan F E Celliers se "Die Vlakte", is dit al.

BEWAAR KILIMANJARO

Soos ons gesien het toe ons 'n klompie jare gelede Kilimanjaro geklim het, laat toestande op die berg veel te wense oor. Bosse word uitgeroei ter wille van

vuurmaakhout, rommel word nie verwyder nie, gebrekkige toiletgeriewe veroorsaak dat die stappers verkies om eerder die veld te gebruik met die resultate duidelik waarneembaar en selfs die paadjies wat nie dikwels gebruik word nie, is geërodeer.

Die BKSA se pogings om die Tanzaniese regering sover te kry om iets daaraan te doen, is vrugteloos. Daarom word 'n beroep op klimmers gedoen om slegs van agentskappe gebruik te maak wat stofies gebruik, alle rommel wat hulle self genereer berg af te dra en toe te sien dat die gidse en draers dit ook doen, weg van kampeer- en waterplekke hul toiletsake te doen, grafies saam te dra vir toiletdoeleindes en toe te sien dat alles, ook die toiletpapier, begrawe word.

GELUK, DAS

Vir dié van ons wat nie Das Steyn se foto in die Volksblad van 4 Desember gesien het nie, die volgende: daar verskyn 'n hele paar mense wat saam met Das deur die Vrystaat Universiteit bevorder is. Hulle is almal van mede-professore tot hoogleraars bevorder. Das is egter een van twee wat spesiaal uitgesonder word in die gepaardgaande berig: hy is ook aangestel as departementele voorsitter van die Departement Stads- en Streeksbeplanning. Baie geluk!

BERGBEWARING

Ongeveer 27% van die aarde se landoppervlakte is hoër as 1000 m geleë, en 11% bokant 2000 m. Die Berg-agenda van die UIAA beweer "Mountains are an important source of water, energy and biological diversity. Furthermore, they are a source of such key resources as minerals, forest products and agricultural products, and of recreation. As a major ecosystem of our planet, mountain environments are essential to the survival of the global ecosystem".

Afhangende van die klimaatsone het 40 tot 90% van alle oppervlaktewater sy oorsprong in bergreekse. Verder is berge baie belangrik vir biodiversiteit en dus die bewaring van spesies. So het die Andes meer as 5000 spesies per vierkante kilometer in die noordelike en sentrale gebiede.

Die druk op berge is enorm en aan die toeneem. Dit word vererger deur bevolkingsaanwas. KwaZulu-Natal en dele van Oos-Kaap is 'n goeie voorbeeld. Verstedeliking, verkeer, toerisme, ontbossing, militêre en mynbedrywighede, telekommunikasie en elektrisiteitsvoorsiening is van die faktore wat 'n invloed op ons berge het.

Berge word al hoe meer ontspanningsdoelwitte vir reisigers, toeriste en sportbeoefenaars. Dit het 'n impak in die vorm van indringing in ongerepte gebiede deur paaie, kabelkarre, ski-hellings, geboue, die gebruik van vuurmaakhout deur stappers, ensovoorts. Dink byvoorbeeld aan die agteruitgang van die bosse teen Kilimanjaro en die Himalajas en die ontsiering van die landskap deur infrastruktuur in die Alpe of op ons eie Thaba 'Nchu.

Bergekosisteme se sterk afhanklikheid van klimaat word weerspieël in klimaatsveranderings wat op sy beurt

waterbronne, biodiversiteit en ontspanningsaktiwiteite beïnvloed.
As gevolg van die verwarming van die aarde, moes heelwat laagliggende ski-oorde in die Alpe reeds sluit. Dit het die druk op die benutting van ongerepte gebiede en gletsers vir toeristedoeleindes vererger.

Wat in die hoogliggende berge gebeur, het dus ook ‘n impak op wat laer af plaasvind.

Onder andere in die lig van bogenoemde is 2002 deur die Verenigde Nasies as die jaar van die berge verklaar.

(Jürg Meyer: Global significance of Mountains, in World Mountaineering and Climbing, no 1, 2000)

KORANNABERG BEWAREA: BIODIVERSITEIT

Ons stap van tyd tot tyd in die Korannaberg Bewarea. Maar weet ons hoe ryk is hierdie area se biodiversiteit? Soogdierkundiges van die Nasionale Museum het oor al vier die seisoene opnames gemaak. Hulle het 58 soogdierspesies opgespoor wat 70% is van alle vrylewende soogdiere wat vandag in die Vrystaat voorkom. Nog meer merkwaardig was die baie hoë diversiteit van kleinsoogdiertjies wat hulle binne plantgemeenskappe gekry het. die area het ook 'n besonder ryk plantlewe. 769 plantspesies kom hier voor, terwyl 277 voëlspesies reeds geïdentifiseer is.

(N L Avenant: Korannaberg Bewarea: biodiversiteit-juweel van die Vrystaat, in Culna no 55, Julie 2000)

BIOSFEER IN LAEVELD

Die Kruger-tot-Canyon-biosfeerreservaat, wat strek van die Noordelike Provinsie tot in Mpumalanga, het erkenning van die Verenigde Nasies ontvang. Dit sluit die grootste deel van die Krugerwildtuin in die ooste in, en strek tot net oos van Pietersburg sodat dit die Drakensbergreeks in al twee provinsies insluit met al sy canyons, waarvan die bekendste die Blyderivier-canyon is.

‘n Biosfeerreservaat is ‘n gebied waar bewaargebiede van internasionale belang, grens aan gebiede waar mense woon en veelvoudige grondbenutting geskied. So ‘n reservaat skep raamwerke waarin volhoubare aanwending en ontwikkeling kan geskied deur openbare deelname deur middel van monitering, navorsing, onderrig en opleiding.

Die dorpe wat binne die Kruger-tot-Canyon gebied val, sluit in Haenertsburg, Duiwelskloof, Tzaneen, Gravelotte, Mica, Hoedspruit, Phalaborwa, Pelgrimsrus, Graskop, Acornhoek en Bosbokrand. In die Krugerwildtuin strek dit net suid van die Shingwedzi-rivier tot net noord van Skukuza en sluit in die ruskampe Orpen, Satara, Olifantskamp en Letaba.

Die erkenning van bogenoemde reservaat volg op die onlangse erkenning van die Waterberg-biosfeerreservaat by Vaalwater in die Bosveldgebied.

Wat hierdie biosfeer uitsonderlik maak, is dat dit een van die grootstes in oppervlakte ter wêreld is. Daarbenewens sluit dit alle partye in wat volgens die kriteria vir ‘n biosfeer daarby betrokke moet wees, naamlik nasionale parke, provinsiale parke, private wildtuine, die landbou, bosbou, mynbou en ontwikkelingsgebiede.

Die biosfeer kan ‘n eerste in die land word wat oor landsgrense strek indien dit uitgebrei kan word om die Groot Limpopo-oorgrenspark in te sluit. Die moontlikheid word ondersoek.
(Aangepaste weergawe van berig in Beeld, 2 November 2001)